3-6 God spreek deur sy Seun



2 Ver bo engele verhewe,
dra Hy die Naam wat God gegee het:
"Ek is Jou Vader, Jy my Seun."
In ’n wêreld, koersverlore,
word Hy as Eersteling gebore –
deur God gebring as borg en steun.
En al Gods eng’le kom
aanbid, verheerlik Hom.
God se eng’le
dien God se Kind
– word vlam en wind –
wat reg en ver sy boodskap dra.

3 Aan sy Seun het God bevestig:
"U troon, o God, staan vas vir ewig;
u septer die laat reg geskied.
U veroordeel elke onreg
omdat U lief is vir wat reg is –
met vreugdesalf word U oorgiet.
Die aarde, met die tyd,
sal soos ’n kleed verslyt.
U bly ewig –
in heerlikheid
en majesteit
oorwin U aan my regterhand."

n.a.v. HEBREËRS 1

Teks: Attie van der Colf 2012
Melodie: "*Wachet auf", ruft uns die Stimme* - P Nicolai 1599, in aansluiting by H Sachs 1513 ?; aangepaste vorm